



# TJOKKIE



Uitgawe 4 | 2 | 2020

5 Junie 2020

# brokkies!

## Geagte Ouer

Soos u bewus is, het die Minister van Basiese Onderwys in haar jongste opdrag gewysigde direkteiewe oor die heropening van skole gepubliseer.

Die nuutste veranderinge en datums behels die volgende:

8 Junie 2020	6 Julie 2020	3 Augustus 2020
Graad 7	Graad R Graad 1 Graad 2 Graad 3 Graad 4	Graad 4 Graad 5

Daar is egter in haar voorskrif voorsiening gemaak dat skole mag aansoek doen by die Provinsiale Hoof van Onderwys (HOD) vir 'n versnelde infassering van verskillende grade met die veronderstelling dat slegs 50% van die totale aantal leerders op 'n keer by die skool teenwoordig mag wees. Met ander woorde, dat ons aansoek kan doen dat grade vroeër kan begin, maar onder die voorgeskrewe kwantiteit van leerders soos genoem. Sodanige aansoek by die HOD behels dat die skool moet voldoen aan al die voorskrifte van veiligheid en sosiale distansiëring.

Tjokkies is ook in gesprek met buurskole om gesamentlik hierdie roete te volg. Tjokkies se beheerliggaam wat u verteenwoordig, ondersteun ook hierdie inisiatief. Uitsluitel en goedkeuring sal egter afhang van skole se samewerking en gereedheid. Terugvoer sal so spoedig as moontlik aan u gekommunikeer word.

Intussen kan ek u verseker dat alles moontlik gedoen is om die skool in gereedheid te kry vir ons Graad 7-leerlinge wat Maandag, 8 Junie, terugkeer skool toe. Ek herinner net weer ons Gr 7-ouers om die inligting in verlede week se inligtingsbrief deeglik na te gaan sodat daar nie verwarring sal wees nie.

## Veiligheid by hekke

Soos in die vorige nuusbrief aangedui is, het die skool 'n skenking van Mnr. Riaan van Staden van National Overseas ontvang om 'n ontsmettingstonnel by die hoofingang op te rig. Ons is baie dankbaar vir ouers wie se hand oop is om ons, en ons kinders te help beskerm.

*Baie dankie aan ons anker berge! Ondersteun hulle asseblief.*



Daar is egter ouers wat bekommerd is oor die tipe vloeistof wat in die tunnel gebruik word vir ontsmetting.

Hierdie week is verskeie opinies van kenners hieroor ingewin. Volgens die inligting wat verkry is, is daar onsekerheid oor die langdurige effek wat die vloeistof op die vel kan veroorsaak. Daar is ongelukkig nie baie data hieroor beskikbaar nie.

Om ouers dus gerus te stel, gaan geen persoon verplig word om deur die tunnel te beweeg nie. Dit is opsioneel. Alle persone wat die skool betree, moet egter by die hek hul hande met handreiniger ontsmet en hul temperatuur sal geneem en aangeteken word.

As alternatief het die skool by Hek 4 'n wasbak geïnstalleer waar hande gewas kan word. Hier kan persone wat nie die tunnel wil gebruik nie, hande met seep en warm water was as deel van die veiligheidsprotokol. Ons opregte dank aan Mnr. Gerhard van der Merwe van Plumco vir die skenking van die wasbakke en gasgeyser, asook die oprig daarvan.

***Let wel: Hierdie hek sal egter nie Maandag, 8 Junie wanneer die graad 7-leerders terugkeer, in gebruik wees nie.***

Sodra die leerders die algemene protokol aangaande Covid-19 by die skool deurloop het, sal die hek toeganklik wees.

### **Finansies**

Baie dankie aan elke ouer wat steeds getrou u skoolgeld betaal. Indien daar ouers is wat a.g.v. die pandemie nie in staat is om u skoolgeld te betaal nie, kan u aansoek doen vir korting. Kontak asb. vir Mev. Daleen Vermaak by [daleen@tjokkies.co.za](mailto:daleen@tjokkies.co.za) om die nodige dokumentasie te bekom. Hierdie inligting sal tydens die volgende finansiële vergadering aan die einde van Junie verwerk word.

### **Akademie**

Die meeste van die personeel het aangedui dat hul volgens hul beplanning deur die kwartaal se werk is. Ek wil net weer eens elke ouer bedank vir die harde werk wat julle gedurende die grendeltyd ingesit het met die aanlynklasse en om u kind steeds te laat leer. Ons is baie nuuskierig om te sien hoe u as onderwyser in hierdie tyd gevaar het.

As gevolg van die feit dat ons byna klaar is met kwartaal 2 se werk, gee ons die kinders en ouers die volgende week 'n ruskans. Daar sal dus die week van 8-14 Junie geen werk vir die leerders wees nie, en mag hul 'n akademiese vakansieweek neem.

Sterkte vir die volgende week.

Neels Gunter  
Skoolhoof